

## Gereformeerde Kerk Bellville – 4 September 2016 – Aand

### Sing vooraf staande: Psalm 121:1, 2 (p. 608)

- 1 Ek hef my oë bergwaarts heen  
en staar die ure om,  
tot my verlossing kom.  
My hulp is van die HEER alleen.  
Hy, oor my lot bewoë,  
is eind'loos in vermoë.
- 2 Bedreig gevaar jou reispad ooit -  
Hy is dit wat jou voet  
vir wankeling behoed.  
Hy, Isr'els wagter, sluimer nooit.  
Die HEER is jou ontfermer,  
jou skadu en beskermer.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

### Psalm 122:1, 2 (p. 610)

- 1 Ek hef my oë bergwaarts heen  
en staar die ure om,  
tot my verlossing kom.  
My hulp is van die HEER alleen.  
Hy, oor my lot bewoë,  
is eind'loos in vermoë.
- 2 Bedreig gevaar jou reispad ooit -  
Hy is dit wat jou voet  
vir wankeling behoed.  
Hy, Isr'els wagter, sluimer nooit.  
Die HEER is jou ontfermer,  
jou skadu en beskermer.

### Gebed

### Psalm 127:1, 2 (p. 624)

- 1 Laat bouers bou al wat hul kan -  
vergeefs is alles wat hul bou,  
as God sy hand daaraan onthou.  
Vergeefs, o wagte, waak jul dan,  
as God jul nie wil gadeslaan,  
sy oog nie oor die stadswal gaan.
- 2 Vergeefs om voordag op te staan,  
vergeefs die werk-uur lank gemeet  
en brood van smart met smart geëet,  
God gee, hoe ander ook mag raap,  
dit sy bemindes in die slaap.

**Skriflesing:** Hebreërs 11:1-16; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5, Artikel 12

**Kernvers:** Hebreërs 11:13-16

**In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry,  
maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet, en het bely  
dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was. Want die wat sulke**

dinge sê, verklaar dat hulle 'n vaderland soek. En as hulle bly dink het aan dié vaderland waaruit hulle weggetrek het, sou hulle geleentheid gehad het om terug te keer. Maar nou verlang hulle na 'n beter een, dit is 'n hemelse. Daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle 'n stad berei. (Hebreërs 11:13-16 AFR53)

## Dordtse Leerreëls

### Hoofstuk 5, Artikel 12

*Dit is egter totaal onmoontlik dat hierdie sekerheid van die volharding die ware gelowiges hoogmoedige en sorgelose mense sou maak. Dit is daarenteen 'n ware wortel waaruit nederigheid, kinderlike vrees, ware godsvrug, geduld in alle stryd, vurige gebede, standvastigheid onder die kruis en in die belydenis van die waarheid en blywende vreugde in God spruit. Ook is die oordenking van hierdie weldaad vir hulle 'n aansporing tot ernstige en aanhoudende beoefening van dankbaarheid en goeie werke, soos uit die getuïenisse van die Skrif en die voorbeelde van die heiliges blyk.*

### 'n Verduideliking by artikel 12

By artikel 11 is daar opgemerk dat die dwaalleraars van die sestiende en sewentiende eeu twyfel verheerlik het. Hulle het gesê dit is selfs lofwaardig om te twyfel of jy regtig verlos is en deur God bewaar sal word tot die saligheid. Om te begryp hoekom hierdie dwaalleraars vertwyfeling so verheerlik, moet 'n mens die woorde binne die konteks van hulle dwaling beskou.

Aangesien die mens volgens die dwaalleer self vir die Here moet kies en self moet volhard in die geloof om uiteindelik uitverkies te wees, is dit beter vir die mens as daar eintlik nooit sekerheid by die mens kom oor sy verlossing nie. Want sodra die mens sekerheid het oor sy verlossing, gaan hy nie meer ywerig werk aan sy verhouding met die Here nie. Hulle het dit soos volg gestel: **Die leer van die sekerheid van die volharding en van die saligheid is 'n kussing vir die sondige natuur en skadelik vir die vroomheid, goeie sedes, gebede en ander heilige handeling** (Dordtse Leerreëls VD5:6).

Hierdie dwaalleraars sê dus dat sodra 'n gelowige verseker weet dat hy verlos is en die ewige lewe het gaan hy onverskillig en roekeloos begin lewe. Hy hoef mos dan niks meer te doen om sy uitverkiesing te verseker nie.

Hierdie dwaling herinner sterk aan die dwaling wat in die Roomse Kerk ook nog aan die werk is. Die Roomse Kerk sê as 'n mens net deur die geloof geregverdig is, sal die gelowige nie meer goeie werke doen nie. Volgens die Roomse Kerk moet die gelowige goeie werke doen anders kan hy nie werklik verlos wees nie (sien Heidelbergse Kategismus, Sondag 11:30). As die gelowige egter nie nodig het om goeie werke te doen vir sy verlossing nie gaan hy roekeloos en onverskillig begin lewe (Heidelbergse Kategismus, Sondag 24:64).

Teenoor die dwaling van die Roomse Kerk bely ons dat 'n mens wat deur die ware geloof in Christus ingeplant is, sal vrugte van dankbaarheid voortbring (Heidelbergse Kategismus, Sondag 24:64). En teenoor die dwaling van die sestiende en sewentiende eeu sê ons dat 'n ware gelowige glad nie hoogmoedig en sorgeloos sal word omdat hy seker is van sy volharding in die geloof nie. Dit is eerder die mense wat ligtelik die genade van die geloof vir hulleself toe-eien wat roekeloos en onverskillig lewe (Dordtse Leerreëls 1:13). Laasgenoemde mense sê maklik dat hulle gelowiges is, maar hulle maak nie erns met 'n gehoorsame lewe aan die Here nie.

Die sekerheid oor 'n mens se saligheid en die ewige lewe veroorsaak eerder dat die gelowige nog meer nederig word omdat hy weet dat hy glad nie werd is om die Here se genade te ontvang nie. Hy het 'n kinderlike vrees vir God, want alhoewel hy nog 'n sondige aard en sondige neigings het, verseker die Heilige Gees hom voortdurend van God se liefde en genade in Christus. Omdat die Heilige Gees hom oortuig van die Here se liefde vir hom, is die volgende dinge kenmerkend van hom: hy lewe verantwoordelik omdat hy weet dat hy voor die oë van die Here leef, hy is geduldig in al die swaarkry, hy bid vurig, hy is standvastig onder die kruis en in die belydenis van die waarheid en daar is in hom 'n blywende vreugde in God. 'n Gelowige wat deur die Here verseker is van sy verlossing en ewige lewe, leef met oortuiging en ywer in diens van die Here.

**Tema:** Sekerheid van die volharding maak gelowiges vreemdelinge en bywoners op aarde

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, daar is een ding wat gelowiges regtig bedroef en bekommerd kan maak. Dit is wanneer iemand sê dat hy Christen is, maar sy lewe lyk net soos die ongelowiges se lewens tussen wie hy woon en werk. 'n Mens kan sommer uit sy houding en woorde agterkom hoe ongeërg hy is oor sy sogenaamde verhouding met die Here. Daar is by hom nie 'n ernstige strewe om gehoorsaam aan die Here te lewe nie.

In die Bergpredikasie sê Jesus dat 'n goeie boom tog nie slegte vrugte kan dra nie (Matt 7:18). Toegepas op die mens wat sê dat hy 'n Christen is – 'n mens wat regtig deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, lewe inderdaad soos iemand wat onder die koningsheerskappy van Christus is. Dit is soos 'n wilde olyftak wat op 'n mak olyf ingeënt is. Daardie wilde olyftak gaan vrugte dra wat lyk en proe soos die mak olyf se eie vrugte. Deur die vesels vloei die lewensap van die mak olyf in die wilde olyftak in en sy identiteit verander hoe langer hoe meer na die van 'n mak olyf. Die wilde olyftak groei mos in die mak olyfstam in en die mak olyf groei in die wilde olyftak in.

Die mens wat deur Christus verlos is en die Heilige Gees het hom deur 'n ware geloof in Christus ingelyf, kan mos nie aanhou om 'n goddelose lewenstyl te hê nie. Die Heilige Gees dra dan die heiligheid en geregtigheid van Christus in hierdie mens se lewe oor en deur die geloof neem die mens ook die heiligheid en geregtigheid in ontvangs. Deur die Heilige Gees se werk in die mens gaan sy identiteit en lewenstyl op die lang duur al meer en meer ooreenstem met Christus se identiteit en lewenstyl.

In ons kernverse hoor ons dat die gelowiges van die ou tyd – in besonder Abraham, Isak en Jakob – met verlange uitgesien het na die hemelse vaderland. Hoekom het hulle daarna verlang? En wat was kenmerkend aan hulle lewe op hierdie aarde omdat hulle na die hemelse vaderland verlang het?

Broers, susters en kinders, die kenmerkende eienskap van hierdie gelowige aartsvaders se lewens was dat hulle bely het dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was. Abraham het dit vir die Hetiete gesê toe hy die begrafplaas vir Sara gekoop het (Gen 23:4). En teen die einde van sy lewe het Jakob ook sy lewe op aarde 'n vreemdelingskap genoem (Gen 47:9).

Wanneer hierdie gelowiges hulleself vreemdelinge en bywoners noem, gee hulle te kenne dat hulle nie tot hierdie wêreld behoort nie, want hulle is pelgrims. 'n Pelgrim is 'n reisiger op pad na sy bestemming toe. En die bestemming van 'n gelowige is die belofte van die ewige lewe. Maar in hierdie lewe kan die gelowige die belofte van God nog net in die verte sien en begroet.

Nou sal 'n mens dadelik vra: Hoe sien 'n mens die beloftes? Die eerste vereiste om die belofte van die Here te sien, is geloof – 'n ware geloof. Kyk net weer wat geloof is: **Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie** (Hebreërs 11:1 AFR83).

Met ware geloof verwyder die Heilige Gees die skille van die mens se geestesoë, sodat hy die bewys het van die dinge wat nog nie gesien kan word nie. Deur die geloof word die beloftes van God dan 'n groter werklikheid as die wêreld waarin ons nou lewe.

'n Persoonlike verhouding met God begin vir die gelowige wanneer God die mens se oë open sodat hy die beloftes in Christus kan sien en glo. Wie in Jesus Christus glo, het die ewige lewe. As jy nog nie hierdie beloftes gesien het nie, maak jou Bybel oop en lees dit met hierdie bede op jou lippe: Here, open my oë sodat ek die heerlijkheid van Jesus Christus mag sien en glo.

Toe Abraham die belofte van God in die verte gesien het, het hy dit met blydschap begroet. Hy was so bly oor die beloftes, soos iemand wat 'n vriend na baie jare weer in sy huis kan ontvang. Is dit hoe ons Jesus Christus deur die geloof ontvang en verwelkom. Wanneer die Here ons oë open om ons sonde en skuld raak te sien, aan die een kant, en aan die ander kant die Heilige Gees vir ons Jesus Christus die Lam van God wys wat ons sondes skuld gedra het, kan ons nie anders nie as om Jesus Christus met oorgawe te verwelkom. Deur Hom is mense verlos van die dood en kry hulle die ewige lewe.

Abraham-hulle het gesterf sonder om die beloftes te verkry. God het aan Abraham beloftes gemaak, maar die volle vervulling van die beloftes het hy nie gekry nie. Hy het slegs 'n voorsmaak daarvan gekry. Na baie jare het Abraham en Sara vir Isak ontvang en by sy dood het Abraham slegs twee erfgename gehad – Isak en Jakob. Dit is nie naastenby 'n nageslag so baie soos die sterre van die hemel soos die Here belowe het nie.

Vir die gelowiges van vandag is dit net so waar. Gelowiges is erfgename van die ewige lewe en tog sterf die gelowiges steeds. Maar hulle kry 'n voorsmaak van die ewige lewe deur dat die Heilige Gees hulle verseker dat hulle kinders van God is. Hy stort die vrede van God oor hulle wanneer hulle hulle skuld bely en in die Naam van Christus om vergifnis smeek. Hulle het nog nie die volle vervulling van die belofte van die ewige lewe nie, maar hulle proe al die soet smaak daarvan.

En dit is hierdie sien, verwelkoming en voorsmaak van God se beloftes wat gelowiges vreemdelinge en bywoners op die aarde maak. Abraham het die belofte van God gesien en met blydschap begroet, daarom het hy in die geloof getrek na waarheen God hom gelei het. Hy het eerder getrek en as 'n vreemdeling en bywoner in tente gaan woon as om in sy geboorteland te bly.

Geloof in God en die beloftes het Abraham se lewe vir die res van sy lewe “omver gegooi”. Oral waar hy in die beloofde land getrek het, het hy uitgestaan as anders. Hy het gemeng met die mense van die land, maar nooit een van hulle geword nie. Sy lewenstyl was net anders.

Geliefdes, dit is hoe Christene behoort te lewe in hierdie wêreld. Ons pas eintlik nie hier in nie. Ons staan voortdurend uit as mense met 'n ander lewenstyl. Ja, daar is baie dinge wat ons doen wat soortgelyk is aan wat die wêreldlinge doen, maar ons doen dit nie presies dieselfde of om dieselfde rede nie. Die wêreldse mens streef doelwitte na, wat

ons nie eers pla nie. Hulle lag vir grappe en ligsinnighede wat vir ons afstootlik is. Hulle jaag 'n lewe na hier op aarde, maar ons oog het die lig van die ewige heerlijkheid van die Vader en die Seun gesien. Ons is in hierdie wêreld, maar weens die volhardende geloof kan 'n gelowige nie van hierdie wêreld wees nie.

En wat 'n geleentheid is dit nie om te getuig wanneer jy as gelowige 'n vreemdeling en 'n bywoner in hierdie wêreld is nie! Abraham-hulle het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners is. En nou sê die Heilige Gees verder: **Want die wat sulke dinge sê, verklaar dat hulle 'n vaderland soek** (Hebreërs 11:14 AFR53).

Om te bely, is om met jou mond te praat. En om te verklaar, is meer as om net op 'n ander manier te sê dat Abraham bely het dat hy 'n vreemdeling en bywoner is. Verklaar in hierdie sin beteken eerder om ten toon te stel. Dit wil sê 'n mens wys met jou lewenstyl en gewoontes dat jy 'n vreemdeling en bywoner is.

Dit is onvermydelik - die mens wie se lewe deur die Gees van Christus beheers word, sal deur sy lewenshouding en -styl toon dat hy nie van hierdie wêreld is nie. En wanneer die Gees van Christus 'n mens se lewe beheers dan word vriendelikheid en goedhartigheid en geduld al meer en meer duidelik in so 'n mens se lewe. Juis in die land waarin ons leef met die stygende onvrede en ontevredenheid en woede is die plek waar die Here wil hê dat ek en jy moet bely en verklaar dat ons op soek is na 'n vaderland.

Wat 'n wonderlike geleentheid is dit nie, om vir daardie een wat met soveel haat en woede teenoor jou optree te getuig van die hoop wat in jou lewe. Vertel vir so 'n mens van die beloftes van God en die rykdom waarheen Hy met jou oppad is. Wie weet, miskien is daardie mens iemand wat deur die Here uitverkies is en jy het dan die voorreg om die vreugdevolle boodskap van Christus se verlossing aan hom te bring waarmee die Here hom tot bekering en geloof in Christus bring.

Wie eenmaal God se beloftes gesien het en 'n voorsmaak daarvan gekry het, wil nie weer teruggaan na waarvandaan die Here hom gehaal het nie. Daar was verskeie geleenthede vir Abraham-hulle om na Mesopotamië terug te keer as hulle wou. Abraham het sy slaaf gestuur om vir Isak 'n vrou in Mesopotamië te gaan haal, maar hom verbied om Isak soheentoe te laat gaan. Jakob was vir twintig jaar in Mesopotamië, maar het Laban gevra om hom terug te laat gaan na sy land toe.

Mesopotamië was sekerlik meer ontwikkel en welvarend as Kanaän. Daar was Abraham se familie en vriende. Daar het hulle sekerlik in 'n stewig geboude huis gewoon. Maar hy het eerder die ongerief en ontberings in Kanaän gekies, want hy het die beloftes van God gesien en hy was oppad na 'n beter vaderland.

So dikwels hou die wêreld aan ons die gesofistikeerde en moderne lewe voor. En ja, in vergelyking met dit wat die wêreld aanbied, lyk 'n lewe nou in geloof maar vaal. Maar as 'n mens hunker na die blink van die wêreld draai jy jou rug op die beloftes van God wat Hy in Christus vir ons waar maak. Ons kan nie teruggaan daarheen nie! Hoekom nie?

Die gelowige verlang na iets wat baie beter is as wat die wêreld ooit kan opdis – dit is die hemelse vaderland. Die wêreldling sal frons as hy hoor van 'n beter vaderland as hierdie wêreld. Ons frons nie, want ons weet wat die Heilige Gees vir ons van die hemelse vaderland vertel. Dit wat vir ons nog normaal voorkom maar wat soveel ellende veroorsaak, sal nie daar wees nie. Daar is nie dood of hartseer of pyn nie, want Christus sal die sonde en die Satan vir goed in die poel van die helse vuur werp. Die gelowiges

self sal dan sonder enige sonde wees. En die heerlikste van alles is dat hulle dan by hulle God sal wees en Hy sal by hulle wees. Trouens, God die Vader en Christus sy Seun sal saam met die gelowiges op die nuwe aarde wees waar almal saam sal woon.

Dit is nie net 'n nuwe aarde nie, maar die hemelse Jerusalem – die stad waarvan God self die ontwerper en oprigter is sal uit die hemel neerdaal op die aarde. 'n Stad so mooi soos 'n bruid wat haar vir haar bruidegom versier het. Dit is die stad wat God self berei het vir sy gelowiges. Die stad met vaste fundamente. Dan eers bly die gelowiges nie meer in tente nie. Dan is hulle reis verby, want hulle het die volle vervulling van God se belofte ontvang.

Gedryf deur die geloof soek 'n gelowige en verlang na hierdie beter vaderland – nie oor die vaderland in die eerste plek nie – maar om voluit by die Here te mag wees. Hierdie woorde *soek* en *verlang* laat 'n mens nogal dink aan jong verliefdes. Die dag kan nie gou genoeg verby gaan nie sodat hulle mekaar weer kan sien en mekaar se geselskap kan geniet. Hulle daaglikse roetine en program word so georganiseer en beplan dat hulle soveel as moontlik tyd bymekaar kan deurbring.

Dit is ook kenmerkend van 'n Christen se lewe omdat Hy deur God verseker is dat hy die ewige lewe het. Hy rig nou al sy lewe in en beplan sy dagprogram om soveel as moontlik tyd in die Here se geselskap deur te bring. Deur sy Woord laat die Heilige Gees hom aanhoudend hierdie voorsmaak kry om in Christus se geselskap te mag wees vir ewig.

Die sekerheid van die volharding in die geloof maak die ware gelowige nie hoogmoedig en roekeloos nie. Die sekerheid is vir hom meer rede om die beeld van Christus al duideliker in sy lewe te vertoon en sy Vader in die hemel te verheerlik.

## **Amen!**

### Slotgebed

Skrifberyming 18-6:2, 3, 4

- 2 Die nuwe stad, Jerusalem,  
daal uit die hemel neer;  
skoon soos 'n bruid in heerlijkheid -  
geliefde van die Heer.
- 3 Die Heer droog al die tranes af,  
verby is droefheid, dood.  
Ja, pyn en smart wyk uit die hart -  
ons moeite, angs en nood.
- 4 “Kyk, Ek maak alles nuut”, sê God.  
“Laat hom wat dors het, kom.  
En hy sal vind hy is my kind;  
Ek is 'n God vir hom!”

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

## **Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
4 September 2016